

Saterdag 19 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 91

Fokusgedeelte: Psalm 91:1, 2

Waar is jou skuilplek?

Waar skuil jy as jy werklik in die nood is?

Nood kan velerlei vorms aanneem. Baie aktueel in ons land is die feit dat 'n mens se lewe nie veel werd is nie. Mense word maklik vermoor – in kruisvuur tussen polisie en rowers, met transito-aanvalle, op plase, in dorpe, in “townships”, by jou oprit na jou huis toe, in die dag of in die nag.

Daar is egter ook geldnood, huweliksnood, gesinsnood. Ook oorstromings, brande en aardbewings laat die nood baie vinnig op jou toesak. Skielike en ernstige siekte, asook 'n ongeluk, laat mens ook dikwels in 'n ommesientjie absoluut weerloos ... Wat maak jy wanneer jy die dood baie onverwags in die oë moet kyk?

Met beeldryke taal beskryf die digter van Psalm 91 al die verskillende vorme wat nood kan aanneem. Die net van die voëlvanger, dodelike pessiëkte, verskrikking van die nag, die pyl wat bedags vlieg, pessiëkte in die donker en epidemie helder oordag ...

Ons grootste gevaar is egter sonde! Dit is 'n doodsgevaar! Die ewige dood word deur sonde tot by ons drumpel gebring!

Waar is jou skuilplek? Waar kruip jy weg? Waar skuil jy teen enige gevaar wat jou fisies, emosioneel en geestelik bedreig? My enigste skuilplek is by Hom wat groter en sterker is as enige gevaar wat my bedreig – by ons Drie-enige God!

My Hemelse Vader hou my altyd vas, selfs al tier die storms van geweld. My Verlosser, Jesus Christus, is die vaste Rots van my ewigdurende vertrouë. Die Heilige Gees troos en versterk my onder alle omstandighede. God stuur selfs sy engele (Heb. 1:14) om my op hulle hande te dra op sy bevel!

Hoekom? Want ons ken sy Naam, ons roep Hom aan, danksy sy uitverkiesende genade! Ons behoort aan Jesus Christus in lewe en in sterwe!

Sing: Skrifberyming 24 (1-1):7

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)